

43/92

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

SAAKNR: 266/90

In die saak tussen:

S A EAGLE VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

APPELLANT

en

CHARLES AUGUSTUS HARFORD

RESPONDENT

Coram: HOEXTER, VIVIER, KUMLEBEN ARR, HOWIE et HARMS

WnRAR.

Datum aangehoor: 20 Maart 1992

Datum gelewer: 27 Maart 1992

U I T S P R A A K

Harms WndAR:

Op 11 Oktober 1985 het 'n botsing by 'n kruising op die Orkney-Potchefstroompad ("die Orkneypad") tussen 'n vragmotor wat deur die appellant (die eerste verweerder in die hof a quo) in terme van die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering 56 van 1972 verseker was en 'n motor waarin die respondent 'n passasier was, plaasgevind. Die bestuurder van die motor (Bierman) is in die botsing dood en die respondent het ernstige liggaamlike beserings opgedoen. Hy het 'n eis om skadevergoeding teen sowel die appellant as die tweede verweerderes (die eksekutrise van die boedel van Bierman) ingestel. Die versekeraar van

Bierman se motor het voor uitreiking van dagvaarding aanspreeklikheid vir betaling van R12 000.00 in terme van die bepaling van artikel 22 van die betrokke Wet erken en was dus nie 'n party tot die litigasie nie. Die tweede verweerderes het by die aanvang van die verhoor aanspreeklikheid vir betaling van skadevergoeding aanvaar maar nie die omvang van die skade nie. Wat die eis teen die appellant betref het, was sowel die meriete as die kwantum in geskil. 'n Ooreenkoms is egter bereik waarvolgens die verhoorhof in terme van hofreël 33(4) versoek is om vooraf die aanspreeklikheid van die appellant te bepaal en die bepaling van die kwantum oor te hou vir latere ooreenkoms of beregting.

Na aanhoor van getuienis het die verhoorhof (Heyns R) bevind dat die bestuurder van die vragmotor (Gumedze) nalatig was en het hy sy uitspraak soos volg afgesluit:

"Die eiser is dus suksesvol ten opsigte van die meriete van die saak teen beide verweerders en die hof se bevinding is dus dat die nalatigheid van die bestuurder van die versekerde voertuig bygedra het tot die veroorsaking van die botsing met die voertuig waarin eiser 'n passasier was.

Eiser se eise teen die eerste en die tweede verweerders ten aansien van die meriete word TOEGESTAAN MET KOSTE teen die verweerders gesamentlik en afsonderlik. Die takseermeester se aandag word egter daarop gevestig dat tweede verweerder sy aanspreeklikheid op die meriete toegegee het met die aanvang van die verhoor en gedurende hierdie verhoor was hy nie regsverteenvoerdig nie.

Die hof versoek die Griffier om kennis te neem dat hierdie botsing op 11 Oktober 1985 plaasgevind het. Dit is vier jaar gelede en die hof wil dus aanbeveel dat die verhoor van die saak ten opsigte van die quantum van die skade sover moontlik voorkeur moet geniet by die ter rolle plasing van verhoorsake."

Hieruit het die griffier 'n hofbevel saamgestel wat, vir sover ter sake, as volg lui:

"1. DAT die nalatigheid van die bestuurder van die versekerde voertuig bygedra het tot die veroorsaking van die botsing met die voertuig waarin eiser 'n passasier was.

2. DAT die eiser se eise teen die eerste en tweede verweerder ten aansien van die meriete word toegestaan

met koste teen die verweerders gesamentlik en afsonderlik."

Sonder dat kwantum óf by ooreenkoms óf by wyse van litigasie bepaal is, het die appellant aansoek om verlof tot appèl gedoen en dit is deur die hof a quo toegestaan. Hierdie Hof is meegedeel dat deel van die skade sedertdien wel by ooreenkoms bepaal is, maar nie die sogenaamde spesiale skade nie. Twee vrae dien dus ter beslegting naamlik of die beslissing van Heyns R appelleerbaar is en, indien wel, of sy gevolgtrekking oor die aanspreeklikheid van die appellant korrek was.

Hoewel namens respondent tydens die aansoek om verlof om te appelleer en in die betoogpunte geliasseer, geargumenteer is dat die aangeleentheid nie appelleerbaar is nie, ag die respondent dit tans in sy eie belang dat die aanspreeklikheidsaspek nou deur hierdie Hof besleg word. Hierdie frontverandering kan nie die regsposisie affekteer

nie. 'n Saak is óf appelleerbaar óf nie op die stadium wanneer die appèl aangeteken word en die partye se wense en instemming speel geen rol by die beantwoording van daardie vraag nie. Dit gaan bloot daarom of die beslissing van die verhoorhof 'n "uitspraak of bevel" ("judgment or order") soos bedoel in artikel 20(1) van die Hooggeregshofwet 59 van 1959, is. Sien Heyman v Yorkshire Insurance Co Ltd 1964 (1) SA 487 (A).

Sedert die beslissing in Botha v A A Mutual Insurance Association Ltd and Another 1968 (4) SA 485 (A) is vry algemeen aanvaar dat 'n bevinding soos die onderhawige nie appelleerbaar is nie. (Sien bv die ongerapporteerde uitspraak in A Moore v Eagle Insurance Co Ltd, saak 23177/85 (WLD) gedateer 16 Maart 1989.) Holmes AR het naamlik in e g saak in hierdie verband die volgende gesê (op 489 E - H):

"Furthermore, this Court has twice recently entertained appeals against decisions where the trial Court, having decided the case on an issue which had the effect of determining liability and rendering it unnecessary to enquire into damages, gave judgment in favour of the defendant....

It is, however, necessary to sound a note of caution in regard to the foregoing practice. Where the issue of liability is determined first, and the decision thereon goes in favour of the plaintiff, the defendant cannot at that stage appeal. The reason is that the decision is in the nature of a ruling, although not subject to revision by the trial Court, and there is not yet in existence an 'order or judgment' which is the statutory prerequisite of an appeal; see sec. 20 of the Supreme Court Act, 59 of 1959. That was the position in Heyman v Yorkshire Co Ltd 1964 (1) SA 487 (AD), in which one of the issues, which was basic to liability, was the validity of a certain deed of suretyship. The parties agreed that this issue should be determined in advance, and the trial Court, after hearing evidence, decided it in favour of the plaintiff. The defendant thereupon sought to appeal, although the factual issues, which could affect the amount to be awarded, were still undetermined. This Court held that the trial Court's decision was a ruling, and not a 'judgment or order' within the meaning of sec. 20 of Act 59 of 1959, and that it was not appealable."

Daar dien gelet te word dat die stelling dat 'n geval soos hierdie nie appelleerbaar is nie, obiter was aangesien die

vraag daar onder behandeling was of die afwys van 'n eis op die meriete alvorens die omvang van die skade bepaal is, appelleerbaar is. Dit is bevestigend beantwoord. Die juistheid van die stelling het nie sedertdien voor hierdie Hof gedien nie hoewel daarna per geleentheid, sonder goed- of afkeuring, verwys is. Sien Smit v Oosthuizen 1979 (3) SA 1079 (A) 1088 A - F; Van Streepen en Germs (Pty) Ltd v Transvaal Provincial Administration 1987 (4) SA 569 (A) 586

B.

Hoewel stuksgewyse beslegting van geskille tussen partye somtyds afkeurenswaardig is, het dit egter dikwels heelwat meriete veral omdat dit koste-effektief kan wees. Dat in gevalle soos dié dit normaalweg verkieslik is om die meriete van die kwantum te skei, blyk uit die wysiging aan hofreël 33(4) in 1987 toe 'n voorbehoudsbepaling ingevoeg is sodat, in geval van 'n sogenaamde derdeparty-eis, die hof, op aansoek van 'n party, skeiding van die vrae van

aanspreeklikheid vir en die bedrag van skadevergoeding moet gelas tensy dit blyk dat die vrae nie gerieflik afsonderlik beslis kan word nie. Vantevore het die onus om so 'n skeiding te regverdig, op die aansoekdoener gerus. Gelyktydig is reël 34A ingevoer wat voorsiening maak vir 'n bevel vir tussentydse betaling na 'n bevinding dat 'n verweerder aanspreeklik is en alvorens die omvang van die skade bepaal is. Die moontlike nadelige gevolge van verdragings wat deur 'n "tussentydse" appèl veroorsaak kan word, is dus in 'n mate verklein. Die Engelse reg maak voorsiening vir 'n bevel wat, nadat aanspreeklikheid bepaal is, 'n ondersoek na skade ("enquiry as to damages") gelas en 'n gebruik het ontstaan dat in veral sake wat handel met inbreukmaking van immaterieelgoedere-regte, skade nie gelyktydig met die aanvra van 'n interdik geëis word nie maar wel 'n bevel vir 'n uitstel, liasseer van verdere pleitstukke en blootlegging. Sien Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd and Another 1977 (1) SA 316 (T) 328

-330. Ook magtig die patenteregulasies tans 'n eis om 'n ondersoek na skade in die Hof van die Kommissaris van Patente.

Daar het ook 'n mate van kentering by die uitleg van die woorde "uitspraak of vonnis" ingetree en die aanvanklike streng uitleg is deur 'n meer pragmatiese benadering vervang soos blyk uit Van Streepen en Germs, supra, 587 D - F. In daardie uitspraak is ook talle voorbeelde verskaf van gevalle waar hierdie Hof in siviele gedinge appèlle aangehoor het wat nie die saak tussen die partye finaal bereg het nie. Ook in Australië vind mens dat die algemene benadering dat 'n beslissing nie appelleerbaar is nie "which does not finally determine the parties' rights and obligations in controversy" afgewater word. Sien Mellifont v Attorney-General (Qld) gerapporteer in 1992 The Australian Law Journal 107. Hierdie Hof het ook in die verlede appèlle aangehoor oor die aanspreeklikheidsaspek

alvorens die skade bepaal is. South African Railways and Harbours v Edwards 1930 AD 3 was 'n geval van 'n actio de pauperie. Die verhoorhof het bevind dat die appellant aanspreeklik was, en, hoewel die skade nog nie bepaal was nie, "gave judgment for plaintiff with costs." Wat vermoedelik gebeur het, is dat 'n bevel met die effek van 'n verklarende bevel dat die appellant aanspreeklik was, gemaak is. Immers, 'n bevel wat vir eksekusie vatbaar was, kon dit, in die afwesigheid van 'n bepaling van die skade, nie wees nie. Hoe dit ookal sy, die appèl is aangehoor sonder dat die kwessie van appelleerbaarheid geopper is.

In Annamma v Moodley 1943 AD 531 was daar 'n eis om skadevergoeding op grond van kontrakbreuk. Die verhoorhof is versoek om vooraf te bepaal of daar 'n kontrak tussen die partye was; die vraag of die kontrak verbreek is en wat die skade beloop het, sou oorstaan. Die kontrak is bewese bevind en 'n bevel is uitgereik dat "the court finds that the plaintiff has proved the contract upon which he

relies." Hierdie Hof het nie die vraag van appelleerbaarheid beslis nie omdat dit van oordeel was dat die appèl in ieder geval sonder meriete was. President Versekeringsmaatskappy v Ströh, 'n ongerapporteerde uitspraak van hierdie Hof (saak 529/1988 gelewer op 1 Junie 1990) was 'n geval soos die huidige. Die appèl is ten aansien van die nalatigheidsbevinding aangehoor en afgewys sonder enige verwysing na die vraagstuk onder bespreking.

Van meer pertinente gesag is Shacklock v Shacklock 1949 (1) SA 91 (A). Die partye was voormalige egliede en 'n geskil het oor die man se aanspreeklikheid asook die omvang daarvan in terme van die egskeidingsbevel ontstaan. Die verhoorhof is versoek om die regsanspreeklikheid te bepaal en die kwantum aan ooreenkoms of 'n latere verhoor oor te laat. Dit is gedoen. Hoewel die verhoorhof se konklusies oor die regsangeleenthede in die vorm van bevindinge gestel is, het hierdie Hof, by oorweging van die vraag of

die aangeleentheid appelleerbaar was, die bevindinge as verklarende bevel geïnterpreteer en, aangesien 'n verklarende bevel appelleerbaar is, die aansoek om skrapping van die appèl afgewys. Sien Constantia Insurance Co Ltd v Nohamba 1986 (3) SA 27 (A) 35 I - J.

Dit is in Holland v Deysel 1970 (1) SA 90 (A) 93 A - B gesê dat die woorde "uitspraak" en "bevel" op die uitsluitel wat die hof in verband met die bepaalde regshulp wat in die gedingvoering deur 'n party aangevra is, dui en dat die presiese formulering van die uitsluitel van die woordkeuse van die hof, die formulering van die aangevraagde regshulp of ook moontlik die aard van die gedingvoering afhang. Die vraag wat dan beantwoord moet word, is wat die partye met die geding beoog het en wat die hof bedoel het om in sy uitspraak te doen.

Ongelukkig is onvoldoende aandag in die hof a quo aan die formulering van die bevinding (of bevel) gegee. Die stelling dat die eiser se eise op die meriete toegestaan is, maak nie sin nie aangesien daar nie 'n eis ten aansien van die meriete was nie, maar 'n eis ter betaling van skadevergoeding. Nog meer onbeholpe is die bewoording van die hofbevel. Die bevel is die operatiewe deel van die uitspraak; dit is waarteen geappelleer kan word en dit is waarop eksekusie gehef word. Sien Administrator, Cape, and Another v Ntshwagela and Others 1990 (1) SA 705 (A). Daar rus dus 'n plig op 'n hof om 'n duidelike bevel te formuleer en op die griffier om seker te maak dat die bevel wat hy uitreik, juridies sinvol, in ooreenstemming met die uitspraak, en duidelik omskryf is. Hierdie pligte word, ongelukkig, te dikwels verwaarloos. Nogtans is ek tevrede dat die hof 'n finale uitsluitel oor die aanspreeklikheid van die appellant wou gee. Anders as in Tropical (Commercial and Industrial) Ltd v Plywood Products Ltd 1956

(1) SA 339 (A) 343H was dit nie die bedoeling om 'n voorlopige gevolgtrekking wat vir wysiging of regstelling vatbaar was, te bereik nie. Vergelyk Union Government (Minister of the Interior) and Registrar of Asiatics v Naidoo 1916 AD 50, 52. Wat die verhoorhof wou doen en in effek gedoen het, was om 'n verklarende bevel uit te reik dat die appellant gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir enige bewese skade wat die respondent as gevolg van die botsing opgedoen het. Anders as in Mxaba v Mxaba 1926 AD 392, 394 sou die griffier 'n sinvolle bevel hieruit kon formuleer. Die feit dat dit nie gedoen is nie, verander nie die posisie nie. Sien Constantia Insurance-saak, supra, 36 H - I. Uit 'n praktiese oogpunt is daar ook geen verskil tussen die huidige geval en die geval waar 'n interdik toegestaan word sonder dat kwantum vir reeds gelede skade bepaal is nie: die appelleerbaarheid van sulke sake is nooit betwyfel nie soos byvoorbeeld blyk uit Netlon Ltd and Another v Pacnet (Pty) Ltd 1977 (3) SA 840

(A) 849 A -B. Dit volg dus dat ek van oordeel is dat die hofbevel, behoorlik geïnterpreteer, in wese 'n verklarende bevel is en dat dit 'n appelleerbare uitspraak of bevel daarstel omdat die bevinding 'n finale en beslissende effek op die geding tussen die partye gehad het. Sien Van Streepen & Germs-saak supra 583 I.

Vervolgens word met die aanspreeklikheidsaspek gehandel. Die kruising waar die botsing plaasgevind het, is waar die Vermaasdrif-Stilfonteinpad ("die Stilfonteinpad") die Orkneypad kruis. Die kruising word deur 4-rigting stoptekens beheer. Dit lyk asof die Orkneypad die belangriker roete daarstel. Die Stilfonteinpad word anders as die Orkneypad, enkele meters vanaf die kruising deur twee eilande verdeel met die gevolg dat dit in die direkte omgewing van die kruising uit twee bane met 'n eiland tussenin bestaan. Die bane van die Orkneypad loop onverdeelde deur die kruising. Die uitsig vir enigeen wat

by enige stoplyn sou stilhou, is na alle kante onbelemmerd.

Daar was egter geen straatbeligting nie.

Die versekerde vragmotor het van wes na oos gery terwyl die motor met die respondent as passasier na suid beweeg het.

Die motor het met sy voorkant die vragmotor links in die middel getref. Op daardie stadium het die vragmotor reeds die afstand vanaf sy stoplyn, oor die westelike baan van die Stilfonteinpad, verby die eiland (wat ongeveer dieselfde wydte van die gemelde baan was) beweeg sodat sy middelpunt oor die oostelike baan was. Die motor, aan die ander kant, het skaars oor sy stoplyn beweeg alvorens die botsing plaasgevind het. Met inagneming van die geweld van die botsing en die skade aan die onderskeie voertuie is die enigste afleiding dat die motor nie by die stopteken stilgehou het nie maar teen 'n hoë spoed daaroor beweeg het. Daar is geen getuienis, en dit is hom ook nie ten

laste in die besonderhede van vordering gelê, dat Gumedze sy stilhouteken verontagsaam het nie.

Die respondent kon weinig lig op die voorval werp. Hy kon naamlik niks van die botsing onthou nie. Hy wis wel dat hy om omtrent 22h00 'n oproep ontvang het om noodwerk by die myn waar hy werksaam was, te gaan verrig. Bierman het hom opgelaai; hulle het myn toe gery; hulle moes die kruising oorgaan; en die kruising was bekend aan hulle. Beide hy en Bierman was baie moeg omdat hulle beroerd min die voorafgaande 36 uur geslaap het. Sy eggenote het ook getuig maar haar getuienis het die saak nie verder geneem nie. Deskundige getuienis wat ter beskikking van die respondent was, en waarvan kennis gegee is, is nie voorgelê nie. Twee polisiebeamptes is geroep en hulle getuienis het betrekking gehad op wat hulle op die toneel na die tyd gevind het en dit is, in 'n mate, deur 'n paar foto's gestaaf. Daar was egter geen polisieplan nie en wesenlike

opmetings is nie deur hierdie beamptes geneem nie. So byvoorbeeld kon hulle nie sê hoe ver die motor of die vragmotor oor hulle respektiewe stoplyne tot by die punt van botsing beweeg het nie. Die motor het geen remmerke gelaat nie. Die punt van botsing is in die noord-oostelike kwart van die kruising geplaas.

Ten slotte het die respondent op 'n waarskuwingsverklaring wat Gumedze drie dae na die botsing aan konstabel Van der Schyff verskaf het, staatgemaak. Dit is voorgehou dat, aangesien Gumedze nie opgespoor kon word nie, hierdie verklaring as hoorsê-getuienis in die belang van geregtigheid ingevolge artikel 3 van die Wysigingswet op die Bewysreg 45 van 1988 toegelaat moes word. Die relevante deel van die verklaring lui soos volg:

"Op 1985.10.11 om 22h15 was ek die bestuurder van Toyota Dyna trok reg. OXV 23825. Ek het in 'n oostelike rigting op die Orkney-Potchefstroom pad gery

en by die vierrigting stop by Vermaasdrif-kruising, stilgehou. Ek het 'n voertuig vanuit 'n noordelike rigting op die Vermaasdrifpad sien aankom. Ek het gesien dat die voertuig vinnig nader kom, maar ek het aangeneem dat die voertuig by die stopteken sal stilhou. Ek het weggetrek en begin ry in 'n oostelike rigting op die pad. Ek was in die middel van die kruising toe ek sien dat die voertuig my trok gaan stamp. Ek kon niks doen om die ongeluk te vermy nie.

Die bestuurder van die ander voertuig het glad nie rem getrap nie en my trok op die linkerkant met sy voorkant gestamp. Die ander voertuig, 'n BMW no FKY 198 T het by die punt van botsing bly staan. My voertuig het aan die noordekant van die kruising op sy regtersy gelê. Beide die voertuig het gebrand. ...My voertuig sowel as die BMW se hoofligte was aangeskakel tydens die ongeluk."

Die respondent het daarna sy saak gesluit sonder om enige getuienis voor te lê. Die verhoorhof het sy reeds gemelde gevolgtrekking dat Gumedze nalatig was, op alternatiewe argumente gegrond. Ten eerste is na die respondent se saak sonder Gumedze se verklaring gekyk en aan die hand daarvan bevind dat Gumedze nalatig was. In die alternatief het Heyns R bevind dat Gumedze se

verklaring in die belang van geregtigheid toegelaat moes word en dat sy nalatigheid uit die inhoud daarvan spreek. Die hoofbevinding is op wanvoorligtings gebaseer. Die uitgangspunt was naamlik dat al twee die voertuie dieselfde distansie vanaf hulle stoptekens tot by die punt van botsing beweeg het en dat daardie afstand tussen 20 tot 25m was. Soos egter uit die uitspraak self blyk, het die verhoorregter bespiegel toe hy hierdie gevolgtrekking gemaak het. In ieder geval, as hierdie veronderstellings korrek was, sou die botsing nie binne die kruising plaasgevind het nie omdat die onderskeie paaie op daardie punt ongeveer 16m breed was. Die feit dat die motor die vragmotor in die middel van sy linkerkant getref het, is geïgnoreer. Wat die feite soos uiteengesit aandui, is dat die vragmotor vanaf sy stoplyn (waar hy stilgehou het) vir ongeveer 15m beweeg het en dat die motor hom teen die linkerkant getref het in die noord-oostelike kwart van die kruising.

Hierdie wanvoorligtings verg dat hierdie Hof die feite in heroorweging moet neem. Vir doeleindes hiervan sal aanvaar word dat Gumedze se verklaring behoorlik toegelaat is. Dit is egter nodig om die status daarvan voor oë te hou. Dit is naamlik getuienis wat deur die respondent aangebied is; die verklaring is as hoorsê-getuienis toelaatbaar en nie as 'n erkenning teen die appellant nie; die verklaring is in sy geheel toegelaat en nie net daardie gedeeltes wat nadelig vir die teenparty is nie.

Wat die getuienis dan toon, is kortliks die volgende: Gumedze het by sy stopteken stilgehou; hy het 'n motor vinnig sien aankom; hy het geoordeel dat dit veilig was om voort te beweeg; hy het rede gehad om te aanvaar dat die motor hom sou sien en stilhou. Hy het daarna weggetrek, waarskynlik relatief stadig as die grootte van die

vrugmotor in ag geneem word. Hy het die Stilfonteinpad byna heeltemal gekruis gehad toe die motor hom teen 'n hoë spoed agter die stuurkajuit getref het. Ek is nie in staat om hieruit af te lei dat Gumedze enigsins nalatig was nie. In die lig van die kursoriese aard van die verklaring is daar geen rede om te aanvaar dat sy aanname dat die voertuig by die stopteken sou stilhou, onredelik in die omstandighede was nie. Hy het naamlik nie in die verklaring gesê hoe vinnig die voertuig nader gekom het nie of hoe ver die voertuig van hom af was nie en aangesien hy 'n skatting in die nag gemaak het, was die skatting des te meer relatief. Die hof a quo se teenoorgestelde gevolgtrekking is grotendeels die gevolg van die feit dat die verkeerde maatstaf toegepas is. Dit is naamlik van die redelike bestuurder vereis om "absoluut seker" te maak dat dit veilig is om 'n beheerde kruising binne te gaan alvorens die kruising betree word, selfs al is die aankomende voertuig ver. Daar bestaan nie so 'n vereiste

in ons reg nie. Sien by Protea Assurance Co Ltd v LTA Building (SWA) Ltd and Another 1988 (1) SA 303 (A) 316.


Dit volg dus dat ek van oordeel is dat die verhoorhof ten onregte bevind het dat Gumedze nalatig was.

Die bevel is soos volg:

1. Die appèl word gehandhaaf met koste.
2. Die bevel van die hof a quo word gewysig om te lees:

"Absolusie van die instansie teen die eerste verweerder word met koste toegestaan."

HOEXTER AR)
 VIVIER AR) STEM SAAM
 KUMLEBEN AR)
 HOWIE WndAR)



 HARMS WndAR